

Saterdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:12-19 (AFR53)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:19

In die geloof hoop ons op Christus vir nou en die ewigheid

'n Sinnelose geloof is darem 'n vreeslike ding, om jou hele lewe toe te wy aan 'n saak wat op niks uitloop nie. Paulus leer ons dat ons geloof die gevaar het om so te wees.

Wat ons belydenis betref, is ons nie bloot gefokus op hierdie lewe nie, maar ons is oortuig van Christus se oorwinning aan die kruis en sy oorwinning van die dood sodat ons die ewige lewe kan beërwe. 'n Saak wat ons met ons hele bestaan op hierdie aarde verkondig. Natuurlik doen ons dit in 'n wêreld wat dit nie maklik maak nie, in 'n lewe vol uitdagings en dit boonop met Satan wat ons geloof van ons wil roof sodat ons ons vaskyk in hierdie lewe. Terwyl hierdie lewe belangrik is, moet ons wel besef dat dit nie die enigste lewe is nie.

Hierdie lewe loop uit op een ding, en dit is die dood, so is dit ten minste vir die ongelowige en daarom stry hy hom byna dood in kommer om dit te behou. Dit is vir die mens sonder geloof en natuurlik daarom sonder hoop 'n groot en swaar las, want die dood dreig hom met elke asemteug. Ons as gelowiges lewe vry van hierdie vrees. Nie roekeloos sodat ons die genade van God beproef nie, maar ook sekerlik nie opgesluit in 'n tronk van doodsangs nie. Ons lewe is vir ons Christus, daarom is dit ook 'n vreugde. Soos Paulus en die ander apostel menigmaal getuig daarvan, is selfs die verdrukking wat ons tot eer van ons Here moet ly, vir ons 'n saak van blymoedigheid, soms selfs 'n bevestiging van ons geloof. Omdat ons seker is van die opstanding van Christus, en dat ons, omdat Hy opgestaan het uit die dood, self ook sal opstaan tot die ewige heerlikheid wat God deur sy genade vir ons gee, is die sterwe vir ons wins.

Hoe getuig ons daarvan in ons lewe? Laat die beproewing van die lewe ons hopeloos omdat ons, al bely ons anders, eintlik glo daar is net lewe hier op die aarde? Dan is ons die ellendigste van alle mense.

Nee, ons hoop in die geloof op Christus as ons Middelaar vir hierdie lewe, maar verseker ook op die toekomstige. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid, omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare, want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig (2 Kor. 4:17-18).

Sing: Psalm 34-1:1, 2

Ds. HFR Pelser (Riekert) (Kempton Park)